



**Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika**  
Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

ENGLISH	AFRIKAANS
<b>REGISTRATION REQUIREMENTS</b>	<b>REGISTRASIEVEREISTES</b>
<b>General requirements for all applications</b>	<b>Algemene vereistes vir alle aansoeke</b>
i. Completed official application form together with the applicable application fee and all supporting documentation as requested on the application form not specifically mentioned below as additional requirements;	i. Voltooide amptelike aansoekvorm, tesame met die toepaslike aansoekfond en alle aanvullende dokumentasie soos aangevra op die aansoekvorm wat nie spesifiek hieronder as addisionele vereistes genoem word nie;
ii. Copy of South African identity document (excluding drivers licence);	ii. Kopie van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument (bestuurderslisensie uitgesluit);
iii. All documents must be certified and Council holds the right to call for all original documents in terms of Section 15 of the Allied Health Professions Act 63 of 1982 as amended;	iii. Alle dokumente moet gesertifiseer word en die Raad behou die reg om alle oorspronklike dokumente in terme van Afdeling 15 van Wet 63 op Verwante Gesondheidsberoepes van 1982 soos aangepas aan te vra;
iv. All applications must be submitted directly to Council House and not via a third person; and	iv. Alle aansoeke moet direk by die Raadshuis ingedien word en nie via 'n derde persoon nie; en
v. Only the application fee as stated on the application form is payable and must be paid directly to the Council.	v. Slegs die aansoekfond soos vermeld op die aansoekvorm is betaalbaar en moet direk aan die Raad betaal word.
<b>Applicants with foreign qualifications</b>	<b>Aansoekers met buitelandse kwalifikasies</b>
i. Certified copy of qualification;	i. Gesertifiseerde kopie van kwalifikasie;
ii. SAQA Certificate of Evaluation, stating that the applicant's qualification/s in the profession applying for is/are at least equivalent to the prescribed South Africa	ii. SAKO Evaluasiesertifikaat, wat verklaar dat die aansoeker se kwalifikasie/s in die professie waarvoor aansoek gedoen word, minstens ekwivalent is aan die



## **Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika**

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

qualification;	voorgeskrewe Suid-Afrikaanse kwalifikasie;
iii. Copy of complete academic record for full duration of studies;	iii. Kopie van voltooide akademiese rekord vir volle duur van studies;
iv. Any documents submitted that are not in English must include a sworn translation of the content of the document in English;	iv. Enige dokumente wat voorgelê word en nie in Engels is nie, moet 'n geswore vertaling van die inhoud van die dokument in Engels insluit;
v. Copy of Passport together with a valid work permit that entitles the person to practise the profession applying for in South Africa either under the terms and conditions of employment or in private practice; (In the event of a person not being able to obtain a work permit prior to registration, the Council will provide a letter for such purpose should the applicant meet all the requirements for registration);	v. Kopie van Paspoort tesame met 'n geldige werkspermit wat die persoon die reg gee om die professie waarom aansoek gedoen word, in Suid-Afrika te beoefen, hetsy onder die bepalings en voorwaardes van indiensneming óf in privaat praktyk; (In die geval waar 'n persoon nie 'n werkspermit voor registrasie kan bekom nie, sal die Raad 'n brief vir sodanige doel voorsien indien die aansoeker aan al die vereistes vir registrasie voldoen);
vi. Proof that the qualification allows the applicant to practise the profession in the country where the qualification was obtained;	vi. Bewys dat die kwalifikasie die aansoeker in staat stel om die professie te beoefen in die land waar die kwalifikasie behaal is;
vii. Proof of registration with the relevant statutory body in country of origin;	vii. Bewys van registrasie by die betrokke statutêre liggaam in land van oorsprong;
viii. Original letter of good standing from the original relevant registering statutory body, which letter must state that the applicant does not have any pending disciplinary proceedings against him/her, or been sanctioned in terms of any disciplinary proceedings. The letter of good standing shall not be older than three (3) months;	viii. Oorspronklike brief van goeie reputasie van die oorspronklike betrokke registerende statutêre liggaam, welke brief moet verklaar dat die aansoeker geen hangende dissiplinêre prosedures teen hom/haar het of gesanksioneer is in terme van enige dissiplinêre prosedures nie. Die brief van goeie reputasie mag nie ouer as drie (3) maande wees



## **Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoeppe van Suid-Afrika**

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

	nie;
ix. Police Clearance Certificate;	ix. Klaringsbewys van die Polisie;
x. Current Level 1 First Aid Certificate;	x. Huidige Vlak 1 Noodhulpsertifikaat;
xi. Should the qualification be older than five (5) years the applicant must provide a brief curriculum vitae, in order to establish whether the applicant has been practising the profession and thereby has kept up to date with the practice and the profession; and	xi. Indien die kwalifikasie ouer as vyf (5) jaar is, moet die aansoeker 'n kort curriculum vitae verskaf sodat bepaal kan word of die aansoeker die professie aktief beoefen het en sodoende op datum gebly het met die praktyk en die professie; en
xii. The applicant may be required to do a competency assessment at an educational institution.	xii. Van die aansoeker mag vereis word om 'n bevoegdheidsassessering by 'n opvoedkundige instelling te doen.
xiii. If approved for registration, the applicant will be required to successfully complete the Council's jurisprudence assessment, which assessment will be managed by the Administration.	xiii. Indien die aansoeker vir registrasie goedgekeur word, sal dit van hom/haar verwag word om die Raad se jurisprudensie-assessering suksesvol te voltooi, welke assessering deur die Administrasie hanteer sal word.
<b>Application procedure</b>	<b>Aansoekprosedure</b>
Only once all the documents and details as set out above have been received from an applicant, will the application be submitted to the Professional Board, which will review the application taking into consideration the subject requirements as stated in Regulation No.127 of 12 February 2001	Slegs nadat al die dokumente en besonderhede soos hierbo uiteengesit van 'n aansoeker ontvang is, sal die aansoek aan die Beroepsraad voorgelê word, wat dan die aansoek sal oorweeg met inagneming van die vakvereistes soos vermeld in Regulasie No. 127 van 12 Februarie 2001.
Administration will conduct the relevant confirmatory check in respect of work permits with the Department of Home Affairs.	Administrasie sal die tersaaklike bekräftigingskontrole betreffende werkspermitte met die Departement van Binnelandse Sake uitvoer.



## **Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoeppe van Suid-Afrika**

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

<b>Qualifications required for registration in diagnostic allied health professions:</b>  Chiropractic and Homeopathy: Five year full time Masters Degree as currently offered at the University of Johannesburg (UJ) and Durban University of Technology (DUT).  Chinese Medicine and Acupuncture, Naturopathy, Phytotherapy and Unani-Tibb: Double Bachelors in one of the above as currently offered at the University of the Western Cape (UWC).	<b>Kwalifikasies vereis vir registrasie in diagnostiekverwante gesondheidsberoeppe:</b>  Chiropraktyk en Homeopatie: Vyf (5) jaar voltydse Meestersgraad soos tans aangebied by die Universiteit van Johannesburg (UJ) en Durban Universiteit van Tegnologie (DUT).  Chinese Medisyne en Akupunktuur, Naturopatie, Fitoterapie en Unani-Tibb: Dubbel-Baccalaureus in een van die bestaande soos tans aangebied by die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK).
There are currently no accredited courses available in South Africa for Ayurveda and Osteopathy.	Daar is tans geen geakkrediteerde kursusse vir Ayurveda en Osteopatie in Suid-Afrika beskikbaar nie.
<b>Qualifications required for registration in therapies:</b>  Therapeutic Aromatherapy, Therapeutic Massage Therapy and Therapeutic Reflexology are 240 credit qualifications currently available at various accredited private providers, as listed under our Education page.	<b>Kwalifikasies vereis vir registrasie in terapieë:</b>  Terapeutiese Aromaterapie, Terapeutiese Masseringsterapie en Terapeutiese Refleksologie is 240 kredietkwalifikasies wat tans by verskeie geakkrediteerde privaat verskaffers, soos gelys onder ons Onderwysbladsy, beskikbaar is.